Skrifgedeeltes: Jesaja 56:1-8, Psalm 149, Kolossense 1:9-14, Esra 9:1-10:1 en Filippense 4:6

Teksvers: Jesaja 56:6-7

Tema: Jesus Christus maak ons tot `n huis van gebed. Bid daarom as gemeente, deur God te prys, te smeek, voorbidding te doen en te dank!

Jesaja 56:1-8

In Jesaja 56 hoor ons `n besonderse profesie. Aan die een kant het die profesie verwys na die tyd wanneer Israel terug gekeer het uit ballingskap uit. Aan die ander kant kyk hierdie profesie verder. Dit kyk na die tyd wanneer Christus sou kom en hóé die kerk sou lyk in die tyd na Christus se koms. Juis dan hoor ons hierdie besonderse woorde: "...want my tempel sal uitgeroep word tot `n huis van gebed vir al die volke."

Deur Jesus Christus is ons nie net verlos van die slawehuis van die sonde nie. Ons is ook verlos om `n huis van gebed te wees. Deur Jesus is die pad vir ons oopgemaak om tot ons Vader te kan bid en daarom moet ons, as die tempel van God, `n huis van gebed wees. Ons lewe as gemeente moet in werklikheid bepaal en gekenmerk word deur gebed.

Om as gemeente saam te bid, is dus nie iets wat net moet gebeur wanneer ons in eredienste saamkom nie. Gebed moet elke aspek van ons kerk-wees bepaal – nie omdat ons skuldig voel of ons verlossing probeer verdien of omdat ons God deur gebede probeer terug betaal nie. Gebed moet elke aspek van ons kerk-wees bepaal omdat gebed deel is van die besonderse genade wat God aan elkeen van ons bewys het.

Maar hoe moet ons gebede lyk? Watter riglyne is daar vir ons in die Woord oor hoe ons gebede as gemeente en kleiner groepe in die gemeente moet of kan lyk. As ons deur die Woord lees, is daar in die besonder vier tipes gebede wat ons vind – gebed van lofprysing, van voorbidding, van smeking en van dankie-sê. Kom ons kyk saam hóé hierdie gebede van ons kan lyk.

Psalm 149

As daar een waarheid is wat ons in hierdie Psalms kan leer oor ons lofprysing aan God – veral ook in ons gebede – is dit dat ons alleen God kan loof en prys wanneer ons begryp hoe groot sy liefde vir ons is. Die woordjie "troue dienaars" of "gunsgenote" soos dit in die Ou Afrikaanse Vertaling vertaal is, kan ons ook vertaal met "hulle wat God se onverdiende liefde ontvang het".

Daarom, omdat Israel só bewus is van God se liefde vir hulle, kan hulle nie anders nie as om God te loof en te prys vir Wie Hy is. Daarom dat hulle selfs so vêr sal

gaan om ander konings gevange te neem en aansienlikes in boeie vas te bind. Hulle liefde vir God is só groot, dat hulle dit nie kan vat as mense God se eer wil steel nie.

Hoe lyk jou liefdesverhouding met God? Is dit die dryfkrag agter die lofprysing in jou gebede? Kom ons begin om ons liefde vir die Here aan Hom toe te sê deur Hom saam in gebed te loof...

Carina Coetzee doen `n lofprysings gebed

Kolossense 1:9-14

By Paulus leer ons iets besonders daaroor om `n huis van gebed vir al die volke te wees, omdat bykans elkeen van sy briewe vir gemeentes in die Nuwe Testament begin met `n gebed vir daardie gemeente. Daardie gemeentes was dan ook oor die algemeen gemeentes wat uit verskillende volke bestaan het. Paulus was dus werklik deel van die huis van gebed vir al die volke. Om voorbidding te doen vir ander gelowiges was dus vir Paulus tweede natuur.

Tog is dit interessant om te sien waarvoor Paulus vir daardie gemeentes gebid het. Sy fokus was altyd op hulle verhouding met God deur Jesus Christus en dat Jesus Christus se liefde duideliker en duideliker in hulle lewe word. Só bid Paulus vir hierdie gemeente in Kolosse en vra dat God aan hulle deur die Heilige Gees insig sal gee, sodat hulle lewe tot die eer van God sal wees. Hy pleit dat daar vir hulle sterkte en geduld gegee sal word en dat hulle vrugte sal dra en dat hulle sal toeneem in die kennis van God.

Hoe gereeld bid ons as gemeente vir ander gemeentes? En wanneer ons bid, is ons werklik `n huis van gebed vir alle volke?  Is ons fokus in ons gebede juis daarop dat hulle God beter sal leer ken en dat hulle liewer sal word vir Jesus Christus?  O, mag God ons deur sy Heilige Gees verander om werklik `n huis van gebed vir alle volke te wees! Kom ons begin deur nou saam te bid vir die kerke in ons omgewing...

Braam Coetsee doen `n voorbiddingsgebed

Esra 9:1-10:1

Wanneer ons as gemeente bid, loof ons nie net vir God nie en ons bid ook nie net vir ander gemeentes nie. Ons stel onsself ook voor die Here. Ons lig ons harte op tot Hom en word klein voor Hom oor al ons gebreke. Ons bid ook `n Esra-gebed.

Esra bid hier tot die Here oor die sonde van die volk. Esra word só aangegryp deur ander “gelowiges” se sondes, dat hy emosioneel raak en neerval voor God. Luister hoe diep is sy hartseer: “Here God van Israel, U is regverdig. U het die klompie van ons laat vrykom, so soos dit vandag is. Hier is ons voor U met ons oortredings, maar so kan niemand voor U staan nie.” Sonder om aanspraak te maak op die Here se genade, sonder om met God te probeer redeneer oor hoekom hulle nie eintlik so sleg is nie, val hy voor God neer en bely hulle sondes.

Wanneer laas het jy emosioneel geraak oor jou broer en suster in die gemeente se sonde? Wanneer laas het jy werklik van harte gepleit om vergifnis vir die sonde van ons gemeente en dat ons só dikwels nie gehoorsaam is aan die Here nie?

Volgende Sondag is Nagmaal en in hierdie week wat voorlê gaan ons elkeen hopelik onsself voorberei om tot troos die Nagmaal te vier. Ons gaan introspeksie doen en onsself voor die Here stel. Maar mag ons ook dink oor hoe dit met ons gemeente gaan! Mag ons ons as gemeente se ongehoorsaamheid en sonde bely teenoor die Here. Kom ons begin nou, deur saam `n smeekgebed te doen...

Anna Smith doen `n smeekgebed

Filippense 4:6

Tog loof en smeek ons nie net vir God nie, maar ons kan Hom ook dank soos Paulus ons hier leer! Ons moet vir Hom dankie sê, want as ons sy liefde en genade begin begryp, kan ons nie anders nie. Wanneer ons tot Hom smeek oor ons sonde en ons besef weer dat Christus ons nuwe lewe gegee het, dring hierdie nuwe lewe ons om God te dank vir dit wat Hy vir ons as gemeente gee.

Dan kan ons en wil ons juis al ons begeertes aan Hom bekend maak, want juis dan word ons begeertes al hoe meer gerig en gefokus op dit wat God van ons vra en vir ons wil hê. Wanneer Christus ons nuut maak en ons ook tot `n huis van gebed vir alle volke maak, wil ons as gemeente dan ook hierdie nuwe lewe leef. Dan wil ons juis hê dat ons kerk-wees `n lewe van gebed moet wees. Dan wil ons God dank vir die feit dat ons as gemeente saam kan bid, want dit is daar, waar ons saam bid, wat God se vrede deur Jesus Christus oor ons lewe die wag hou.

Amen

Kom ons dank God saam vir hierdie onbeskryflike genade wat Hy in Jesus Christus vir ons gegee het.

Leana van der Walt doen `n dankseggingsgebed